SPESIALE UITGAWE.

Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

VIR DIEGENE GEWOOND AAN DIE BESTE Sorrer SE WYNE



Die O.B.

VIR U VRIENDE VIR U GASTE EN VIR U Sorrer SE WYNE

VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 20 DESEMBER 1944. No. 5.

Opstand . agter . Doringdraad

Owerheid . Teister . Die . Geinterneerdes

Moeder- Lyding en -Vernedering

Onderstaande is uittreksels uit briewe in verband met die lyding van 'n gesin van 'n geïnterneerde. Daar is talle sulke gevalle. Hierdie een net as voorbeeld:

Die man is verlede week uit die Koffiefonteinse folterkamp op „plaasarres" na 'n distrik gestuur. Sy vrou en kinders bly in 'n ander. Die een kindjie is weens appendisitis geopereer, die een is verlam deur die kinderverlamming. As laasgenoemde na die Kaap gebring kan word en sy moeder huisvesting kan vind, sal die seuntjie gered kan word. Die moeder het 'n senuwee-instorting gekry. Hulle besit vandag niks weens die ruïnasie van die man se besigheid deur die Suid-Afrikaanse Stalin-bewind.

Die volgende rapport van 'n Hoofkwartier oor die geval spreek verder vanself:

„Mev. P..... was Saterdag op kantoor in verband met die doktersrekening van £27 wat sy ontvang het. Graag deel ek die besonderhede mee.

Wat die £19 betref, was die toestand buite haar beheer, omdat haar seuntjie 'n akute aanval van blindedermontsteking gehad het. Die dokter het hom om 11.30 ondersoek en om 3-uur 'n noodoperasie gedoen. Sy wou met die kind na Bloemfontein reis om by 'n goedgesinde dokter te kom, maar sou die kind in lewensgevaar bring. Sy het dr. H. op M. haar finansiële posisie verduidelik en sy woord was toe: „don't worry". Sy het afgelei dat sy geen rekening sou ontvang nie. Die ander items is vir die ander kinders en vir haar behandeling. Sy moes ook ander doktersrekenings vir inspuitings van haarself en ook vir tande betaal..... Sy rig 'n baie vriendelike versoek dat sy deur die Bystand- of Noodhulpfonds in hierdie opsig tegemoet gekom moet word".

Hierdie vroutjie en haar man, ons ken hulle, het nooit ander na die oë hoef te kyk nie. Hulle is nou egter geruïneer. **God ontferm Hom sodat diegene wat dit lees se harte groter oopgaan vir die bitter lydende vroue en kinders van die geïnterneerdes, hulle wat self nie kla nie, slegs op hul knieë in die binnekamer voor die bedjies van hul ontberinglydende kindertjies hul harte uitstort.** Ons ander, ons vier Kersfees met oorlaaide tafels en presente!

Luister!..... hoor die moedersug, die kindjie kreun.

Slagoffers van die partybewind!

Manne Weier Kakiekos

Kampleier Verban

Uit die Interneringskamp op Koffiefontein het ons kamerade die volgende boodskap deurgestuur:

„Alle kontak tussen ons en die outoriteite is afgebreek. Ons optrede is passiewe weerstand. VANAF 23 NOVEMBER WEIER ONS OM RANTSOEN OF VOEDSEL VAN ENIGE AARD VAN DIE KAKIES TE ONTVANG. Slegs van pakkies van buite sal ons gebruik maak. Ook ons kombuispersoneel staak. ONS GAAN IN ONS HOUDING VOLHARD TOT TYD EN WYL DIE OUTORITEITE DIE ONREGVERDIGE STRAWWE OPHEF. Ons dissipline is goed".

Van ons Kommandant-Generaal kom die waarskuwing aan die vervolgers van hierdie manne:

„God behoede dat een van ons hongerstakende kamerade daar agter jul doringdrade iets moet oorkom!"

Dr. J. F. J. van Rensburg het die volgende verklaring in verband met hierdie saak uitgereik:

Op 21 November het twee republikeine uit die Empire se konsentrasiekamp ontsnap. Dieselfde menere wat Churchill eer omdat hy 44 jaar gelede ook so gehandel het, is nou woedend omdat hierdie republikeine dit gedoen het. Veral woedend is die meneer wat benoem is as Minister van Justisie om vandag republikeine te teister. Sy aanstelling is vermoedelik 'n benoeming weens een of ander van ons volksondes van weleer.

ONREGVERDIGE STRAF

Op 24 November is die kampwinkel deur die owerhede gesluit as straf vir die oorblywendes, wat nie ontsnap het nie. Op 25 November is die kampleier, generaal O. L. Nel, deur die Direkteur van Kampe, 'n Australiër wat deur hierdie Minister van Justisie as bobaas oor landseuns gestel is, verwittig dat kampvoorregte ontneem word.

GENL. NEL VERBAN

Die Australiër was ook teenoor die Afrikaner vernederend. **Gevolglik het generaal Nel geweier om verder sy mede-gevangenes te verteenwoordig.**

Die jingoes het toe probeer om 'n ander offisier as kampleier te laat optree. Almal het geweier. Om die dissiplinêre invloed van generaal Nel oor die manne te breek, is hy verwyder en op plaas-arres gesit.

DIE MANNE SE BOODSKAP

Ons kamerade stuur die volgende boodskap:

„Alle kontak tussen ons en die outoriteite is afgebreek. Ons optrede is passiewe weerstand. **Vanaf 28 November weier ons om rantsoen of voedsel van enige aard van die kakies te ontvang.** Slegs van pakkies van buite sal ons gebruik maak. Ook ons kombuis-personeel staak. Ons gaan in ons houding volhard tot tyd en wyl die outoriteite die onregverdige strawwe ophef. **Ons dissipline is goed".**

VERVOLGSUG

Dit is die derde hongerstaking wat klompe O.B.-Afrikaners al moes verduur om van 'n vervolgsieke owerheid elementêre regte af te dwing. In 1942 moes 58 gevangenes na 6 maande opsluiting sonder aanklag of verhoor hongerstaak om die meneer wat Minister van Justisie speel, te dwing om hulle eindelik voor 'n hof te bring — 'n reg wat elke misdadiger outomaties binne 48 uur na inhegtenisneming vergun word. In 1943 moes 14 van ons kamerade in die fort dieselfde pad bewandel en om dieselfde rede. Onlangs moes 'n ander gevangene, nie lid van ons beweging nie, ook so optree. **Nou moet oor 'n honderd Afrikaners in die konsentrasiekamp daardie pad inslaan. Geeneen van die meer as honderd was ooit voor 'n ope hof nie. Geeneen weet eens wie sy vurige beskuldiger is nie.**

VOORBIDDING

Ons dink aan hulle, ons lydende maar ongebroke kamerade, met respek en met liefde, ook in ons voorbidding.

KILLE WAARSKUWING

Aan hul vervolgers, uitlanders of ontstamde Afrikaners, rig ons in alle kilheid hierdie woord: „Mens weet nooit hoever jy 'n boog kan span voor hy breek nie. Hierdie boog heet ‚Afrikanergeduld'. God behoede dat een van ons hongerstakende kamerade daar agter jul doringdrade iets moet oorkom!"

Koffiefontein Roep!!

Hy roep alle Afrikaners. U bloed roep uit die folterkamp van Koffiefontein. Koffiefontein roep.

Die wrede hand is gelê aan die eer en liggaam van weerlose en veronregte mede-Afrikaners. Sien berig hier langsaan.

Die roep is om daadwerklike en morele ondersteuning. Stuur uit u oorvloed.

Alle bydraes soos droëvrugte, biltong, jellie, suiker, koffie, tee, beskuit, klein koekies, kan in enige hoeveelheid gestuur word aan Mev. T. A. Immelman, Kerkstraat, Koffiefontein.

„Ons sal antwoord op jou roepstem, Ons sal offer wat jy vra".

DIE O.B., WOENSDAG, 20 DES. 1944

Afrikaner Vervolging

Dit is 'n spesiale uitgawe hierdie. Dit wil aan die wêreld die folterbeleid bekend maak soos geopenbaar in die berig op ons voorblad. Hierdie beleid behoort elke Christen, elke wese buite Rusland en sy Suid-Afrikaanse satelliet, met afkeer te vervul.

Ons is verplig om hierdie blad spesiaal uit te gee omdat ons vrees dat die party-pers — sogenaamd die pers wat demokrasie en persoonlike regte voorstaan — nie te vind sal wees om sulke vergrype teen mede-Afrikaners te openbaar en te bestraf nie.

Sulke dinge vind voor die oë van die politici en hul pers plaas, nl. die grofste en mees skaamtelose verkragting van staatsburgers se regte. Geen stem word daarteen verhef nie. As iemand 'n O.B. is, is enige vergryp op hom en enige onreg teen hom oënskynlik geoorloof.

Sedert die „rampokkerjag" deur Smuts en Malan teen die O.B. uitgeroep is, is gewetenlose, daarby lafhartige mishandeling en onreg op burgers van die staat en wreedheid op gevangenes gepleeg in ons Christenland, sonder 'n woord van protes van enige kant — Christelike organisasie of andersins. Daarop volg nou weer die oproep van dr. Malan tot die ban van die kerke en vervolging van besighede.

Toevallig het 'n hof verlede week die gebrekkige toepassing van s.g. tronkregulasies en mishandeling van 'n gewone misdadiger afgekeur en veroordeel. Toe die gefolterde O.B.-lede oor soortgelyke en erger mishandeling gekla het, het die pers geswyg net soos die politici wat toe besig was om mede-Afrikaners aan te kla. So het daar nog nege Afrikaners in die kamp beland omdat hulle ONSKULDIG is aan die Mentz-kloppery.

Byna duisend Afrikaners het altesaam in die folterkamp beland wat beheer word na die metodes van Rusland. Geen geregshof het hulle ooit verhoor nie. Ons daag die hele gereg en al die lasteraars teen die O.B. uit om enigeen in die Koffiefontein-kamp se skuld aan misdaad te bewys!

HULLE KAN NIE.

Die jongste vergryp op staatsburgers gepleeg het weer in die folterkamp Koffiefontein plaasgevind, soos op ons voorblad vermeld. As hierdie voortdurende vergrype nie die volksgewete wakker skud nie, moet die volk verwag om deur hierdie en soortgelyke regerings, — die teenswoordige opposisie-party inkluis, — vir alle tye wat kom op dié manier behandel te word. Want die party-leiers skreeu net om wraak, om kampe en tronke vir hul teenstanders.

Luid roep die weerloses om vergelding. Luider roep die vroue en kinders om brood en versorging. Die antwoord is die belastring deur politici van die Noodhulpfonds.

Randse Generaalskap Onthaal Afhanklikes van Ge-interneerdes

Die kindertjies, eggenotes en ander afhanklikes van geïnterneerde en gevange kamerade uit die generaalskap, is vanjaar weer gulhartig onthaal deur die offisiere en brandwagte van Generaalskap E3 van die Rand. Die pragtige gees van samewerking en offervaardigheid in die generaalskap het as resultaat gehad dat die gaste op 2 Desember in die Mayfair Kerksaal kon aansit om tafels belaai met die heerlikste koeke, melkterte, koeldranke en ander lekkernye. By hierdie geleentheid is ook mooi geskenke oorhandig aan elke kindjie wie se pappie tans in die Empire se kampe en tronke terwille van die Afrikanersaak opgesluit sit. Elke kind het ook 'n pakkie heerlike lekkers ontvang.

Die jongste onder die gaste was die 12 dae oud baba van mnr. en mev. H. J. van den Berg, van Maraisburg. Haar pappie is op 24 Otober geïnterneer en sy is op 20 November gebore. Die oudste onder die kindergaste was Paul, oudste seun van dr. en mev. Gerrie Eloff.

Generaalskap E3 is die generaalskap wat die meeste slagoffers van die vervolgsieke owerheid opgelewer het. Twintig van die manne wat nog in die kampe en tronke opgesluit is, kom uit hierdie generaalskap. Vir die afgelope drie jaar is dit dan ook die gebruik om kort voor Kersfees 'n onthaal vir die afhanklikes van hierdie manne te gee.

Vir die doel van hierdie funksie is 'n spesiale kollekte in die generaalskap gehou en die pragtige som van £150 is byeengebring. Slegs 'n gedeelte hiervan was vir die onthaal en presente nodig sodat die balans in die Noodhulpfonds gestort kon word.

Generaal Barry Grobler, die bevelvoerende offisier van hierdie ywerige generaalskap het die gaste verwelkom. Daarna het hoofgenl. Gerrie Puren, Sekretaris van die Noodhulpfonds, die vroue en kindertjies bedank vir hul lankmoedige en geduldige offervaardigheid. Die volgende lede van die Noodhulpkomitee was ook teenwoordig: Genle. K. Malan, Gebiedsgenl. Louis Bootha en Genl. P. J. Botma. Genl. P. J. Meyer, Voorligtingshoof, het ook die funksie bygewoon.

Asst.-Hoofkomdte. M. van Dyk, bygestaan deur haar ywerige kommandantes en ander offisiere verdien besondere lof vir die heerlike lekkernye waarmee die tafels belaai was.

ELKE MAAND HUL DEEL

„Die Kommando van Amalia (E10 b2) het besluit om elke maand bymekaar te kom en by die geleentheid geld in te samel vir die O.B.-Noodhulpfonds. Hulle eerste bymekaarkoms het die pragtige som van £7-5-0 opgelewer. Die kommandant berig dat dit hulle doel is om die syfer elke maand so hoog as moontlik op te skuif".

Die Jode se Dilemma

Sal die ondergang van Hitler die end van anti-semitisme in die wêreld beteken? Sal Hitler se neerlaag 'n Joodse oorwinning wees? Het die Jode 'n wêreld-missie? Waardeer die volke van die wêreld die Jode? Dis almal vrae hierdie waarmee vandag terdeë rekening gehou word in Joodse kringe.

In die dagpers is onlangs aangekondig dat tydens die Duitse besetting van Frankryk, die Duitsers toegelaat het dat duisende Fransmanne sake-ondernemings oorneem wat vroeër in die hande van Jode was.

Hierdie gedragslyn van die Duitsers stryk met hul opvatting dat die ekonomiese lewe van die vaderland onder beheer van landsburgers moet wees, en nie onder beheer van vreemdelinge of Jode nie.

Met die „bevryding" van Frankryk het die Jode dadelik 'n agitasie op tou gesit ten einde die regering te beweeg om dergelike sake-ondernemings aan hul Joodse base terug te besorg.

Die Franse base het hulleself aangeëngeskakel in 'n organisasie en by die regering aangedring om die bestaande toestand onveranderd te laat — en argumente ten gunste van hul houding aangevoer.

Die regering het niks aan die saak gedoen nie en mens kan dus aanneem dat die Jode bitter ontevrede is.

JOODSE VERTWYFELING

Een Joodse blad het aangevoer dat hierdie episode 'n Joodse gedagterigting, dat die vernietiging van Nazisme in Europa nie die spontane rehabilitasie van die Europese Jodedom sal beteken nie, onderstreep. As so'n toestand in liberale Frankryk kan ontstaan, wat kan mens dan in ander Europese lande verwag? het die blad gevra.

Dit is vandag die Joodse dilemma. Hulle vrees dat die vernietiging van Hitler nie die end van anti-Semitisme sal beteken nie. Die Jode het Hitler se aanbod om internasionaal saam te werk ten einde die Joodse vraagstuk vreedsaam op te los, verwerp, en verkies dat hy liefs verslaan moet word. Vandag is hulle nie so seker dat sy neerlaag vir hulle oorwinning sal beteken nie.

DIE WÊRELDMISSIE

Joodse propaganda het in ons dag weer die idee van 'n Joodse „wêreldmissie" van die rak gehaal, en allerhande bespiegelings word daaromheen borduur. Die Jode wil hulleself graag aan die wêreld voorstel as 'n volk wat 'n verhewe en onbaatsugtige wêreldtaak te volbring het. Die verwagting is dat die volke van die wêreld geïmponeer sal word deur hierdie Joodse wêreld-roeping en dat hulle die Jode as onselfsugtige baanbrekers sal waardeer en hoogag.

Joodse propaganda lê hom dus doelmatig daarop toe om die Jodedom voor te stel as die motor in die karkas van die mensdom wat die mensheid moet voer na 'n hoogstaande kulturele en vergeestelikte beskawing. Of soos dit ook al gestel is: „The Jew will give the world an example of the particular (a nation) serving not itself, but the universal (the community or mankind)."

OU LIEFDE ROES?

'n Baie ontnugterende en gevoelige slag vir hierdie propaganda was die terroriste-moord op die Engelse lord Moyne in Kaïro, wat deur twee Palestynse Jode, lede van 'n sogenaamde Stern-bende, gepleeg is. Churchill het in die Britse Laerhuis 'n toespraak gehou waarin hy glo die onus vir die moord op die Jodedom gelê het en die Palestynse Jode of Sioniste gevra het om hul bona fide te bewys deur alle Joodse terrorisme aktief te bestry, en terroriste uit te lewer. Dit het konsternasie in Joodse geledere veroorsaak. Wil mnr. Churchill dan hê dat die Joodse samelewing 'n „gemeenskap van nuusdraers" moet word? is gevra. En kan al die Jode dan verantwoordelik gehou word vir die dade van twee?

In ieder geval die liefde vir die Jode in die Britse Laerhuis is glo deesdae nie baie hartstogtelik nie. As gevolg van Joodse bemiddeling is die deal oor die Palestynse kwessie uitgestel. Intussen egter word die parlementslede bearbei deur die Jode en pamflette en gskrifte oor toestande in Palestina sirkuleer vryelik onder lede van die raad.

In ons eie land doen die Jode ook alles in hul vermoë om anti-semitisme te fnuik en Joodse aanneemlikheid te reklameer.

BESIGHEIDSPRAKTYKE

Onlangs is op Johannesburg 'n Joodse Komitee vir Handelsverhoudings in die lewe geroep. Die vernaamste oogmerke soos gepubliseer, is die volgende: Die samesnoering van die Joodse handelsgemeenskap teen anti-semitisme en alle vorme van Fascistiese reaksie in Suid-Afrika; **die nakoming van die hoogste standaarde besigheidsgedrag deur sy lede en die uitskakeling van alle onetiese en ongewenste besigheidspraktyke;** en die beskerming van die Joodse handelsgemeenskap teen valse aanklagte wat die goeie naam van die Jodedom mag benadeel.

Selfs in die Verenigde Party van die Jode se ou en beproefde vriend, veldm. Smuts, het die Jode anti-semitisme weet te bespeur. Eendrag, die Verenigde Party se orgaan op Johannesburg, moes net lelik rondtrap om hierdie beskuldiging van die Jode te weerlê en om die Verenigde Party se liefde vir die Jode te bewys. Tydens hierdie rondtrappery is 'n hele paar rosies in die Joodse knoopsgat gesteek, wat seer sekerlik nie onwelkome reklame vir hulle was nie.

Een dan kan daar altyd gereken word op ou strydrosse soos veldm. Smuts, mnr. Jannie Hofmeyr en dr. Colin Steyn om by geleenthede gunstig oor die Jode uit te wy.

WAARDE VAN DIE JOODSE BLOED

Selfs het 'n historikus, dr. C. J. Uys van U.K.O.V.S., onlangs baie mooi oor die Jode gepraat: „Hulle (d.i. die Afrikanervolk) het gasvryheid aan die Jode in hulle nederige tuistes en in hulle land bewys", het hy gesê. „Hierdie twee rasse het baie gemeensaam ..... Tydens die agtiende en die vroeë negentiende eeu was daar in party van die Suid-Afrikaanse families 'n merkbare bloedvermenging met die Jode en van hierdie families het later prominent in die land geword". So het die professor die waarde van selfs maar die druppeltjie Joodse bloed in hierdie families opgevysel.

HEIL DIE O.B.!

'n Weduwee-moeder van een van ons geïnterneerde kamerade skryf uit Bloemfontein:

Aan die agbare lede van die O.B.-beweging en in besonder aan ons Seergeagte Kommandant-generaal, Dr. Hans van Rensburg:

Van harte 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwejaar!

Dit is met genoeë en 'n gevoel van innige waardering dat ek my opregte dank wil betuig, vir al u morele en stoflike hulp aan my dogter mev. H. Postma en haar kindertjies verskaf, tydens die drie afgelope jare van bittere beproewing en lyding ten gevolge van die internering van haar eggenoot.

Nooit kan u besef wat u edelmoedige daadwerklike steun vir ons, veral vir my, haar weduwee-moeder, beteken het.

Dit sal seker deur ons hele familie tot in LATERE geslagte herdenk word. Die Here seën u vir die opregte hulp so spontaan en ruim.

Ek bly u inn'g, innig dankbaar.

Opreg die uwe,

Mev. Wed. H. W. Kammeyer.

„Vir my d' Afrikaner van durf en daad
Wat Mammons eer en loon versmaad".

Dodelike Kritiek op die Regering

Die A.K G. Vrywe Dit In

Genl. J. A. Smith haal onderstaande voorbeelde van misleiding en party-politieke bedrog aan, om aan te toon dat die bewering, dat geen partyregering in staat is om 'n gesonde en eerlike sosiale ekonomiese plan uit te voer nie, reeds afdoende bewys is sedert 1910 in S.A.

Die huidige regering wat selfs staatsburgers ekonomies ruïneer deur hulle in konsentrasiekampe te stop, kan geen bestaansveiligheid hoegenaamd vir sy eie volgelinge waarborg nie. Hy het reeds hopeloos misluk soos alle party-regrings in S.A. hopeloos misluk het op die gebied van volksorg, verklaar genl. Smith. Hy haal vervolgens onderstaande aan:

SONDER PLANNE

„Volgens raming", so lui Verslag No. 1 van die regering se Planneraad, „sal die herindiensneming van oud-soldate en verdronge werkers na die oorlog die plasing vereis van sowat 80,000 blankemanne en 30,000 blanke vroue en nie minder as 180,000 nieblankes nie".

„Private ondernemings kan nie die hoof bied aan so'n groot werkloosheidsprobleem nie".

„Hierdie stappe", sê die verslag, „in hierdie rigting is ontoereikend..... Die voorgenome skemas (van die regering) insluitende dié wat maar tentatief is, sal nie aan meer as 15,000 persone regstreeks werk verskaf nie — en daarby kom nog die feit dat finale planne slegs by wyse van uitsondering voltooi is en dat weinig aandag geskenk is aan hoeveel toerusting, materiaal en substitute moontlik na die oorlog beskikbaar sal wees..... **Merendeels is wat gesê word maar net wat mense graag sou wil hê moet gebeur.....**", verklaar die verslag. „Geen nywerheidsontwikkeling wat met die oog op die voorspelde daling van die goudopbrengs na 10 jaar 'n noodsaaklikheid is, word oorweeg nie.

„Geen bepaalde skema vir boerdery-reorganisasie..... word voorberei nie".

„Geen groot en weloorwoë behuising-skema wat onmisbaar sal wees vir die stimulering van die ekonomiese stelsel na die oorlog, word ontwerp nie".

„Geen omvattende plan vir die subsidiëring van voedselverbruik ten einde te voldoen aan die dringende maatskaplike behoefte om die nasionale voeding te verbeter, word ontwerp nie. Soortgelyke voorbeelde", sê die verslag, „kan ad libitum opgenoem word".

Op 'n ander plek sê die Verslag in verband met rasionalisering van nywerhede en bedrywe, o.a.:

„Geen stappe is gedoen om aan enigeen van die verskillende aanbevelings uitvoering te gee nie". (Die aanbevelings was o.a. van Bemarkingsraad, Koringkommissie en Raad van Handel en Nywerheid. — Red. O.B.)

„Die gevolg is dat daar nog 'n onnodig hoë kostepeil bestaan wat aan faktore soos onnodige duplikasie van dienste in belangrike distribusiebedrywe toegeskryf kan word; die bestaan van meer fabrieke in baie van die beskermde nywerhede as wat die mark regverdig....."

NET VIR DIE GELDWOLWE

Die hele verslag, ook No. 3 wat hier op die tafel lê, dui niks meer as net volslae mislukking aan van 'n bestuurstelsel waarvoor daar so heftig, so kwaai en so vuil by verkiesings geveg word.

'n Kapitalistiese en dus 'n demokratiese bestuurstelsel kan geen sosiale ekonomiese skemas beplan nog uitvoer nie.

Terwyl hulle alles in die war stuur, terwyl verkwisting hoogty vier, die volk verhonger, die werkloosheid toeneem, partypolitici die volk bedrieg en beloftes maak wat hulle nooit kan nakom nie, net om stemme te vang en setels te kry, verryk die geldwolwe uit Litaue en Palestina hulleself.

Die partystelsel is die woekermasjien van die kapitalis en die politieke bedrieër — hy saai die vernietiging van die volk deur bedrog en verdeeldheid.

Daarom doen die O.B. 'n beroep op die volk om saam te werk en buite party-beheer 'n volkspolitieke front te stig wat die regering kan oorneem om die volk te versorg, partyskap te verban deur afskaffing van die parlementêre partystelsel.

BEHANDELING VAN WERKNEMERS

Hier is o.a. 'n voorbeeld van uitbuiting van die arbeid deur die kapitalistiese regering. In Verslag No. 3 van die Planneraad lees ons o.a.:

„By ondersoek blyk dat aan baie werknemers KORTER verlofperiodes (in die staatsdiens) toegestaan is as wat die regulasies voorskryf. 'n Aanmerklike aantal kry HOEGENAAMD GEEN verlof nie....."

„In die Spoorwegdiens ontvang ongeveer helfte van die ongskoolde blankes (7,800 uit 15,300) vakansieverlof. Die verlof van die res is beperk tot die drie tot ses openbare vakansiedae....."

„Die Raad is van mening dat die Staat, veral waar hy hom van sy eie loonwetgewing vrystel, 'n voorbeeld moet stel deur vir sy ongeskoolde werknemers diensvoorwaardes te handhaaf wat altans nie minder gunstig is as dié wat op private ondernemings van toepassing is".

DOLLER AS KOPAF

Partypolitiek het in ons land tans 'n stadium bereik ,waarop dit beslis doller as kopaf toegaan. Erger as wat dit tans gedoen word, kan Afrikaners mekaar nie folter, slegmaak en uitlewer nie. Partypolitiek het geheel-en-al handuit geruk en die party-politici skyn dit nie eens te besef nie.

Sonder sin en doel en rigting sit die partypolitiek eenvoudig sy vernietigende werk voort.

Daar is een ligstraal.

Die reaksie hierteen by die volk moet insit.

Die volksbeweging. doelbewus en doelgerig, is gereed om die volk vir opbouwerk saam te sluit.

KOMMUNISME DELG DEMOKRASIE UIT

Oral in Europa dreig die kommunisme om die nasionalisme te vernietig. Waar die demokrasieë „bevryding" gebring het van die nasionale sosialistiese gesag, is dit nie die demokrasie wat herrys nie, maar kommunisme, want die keuse is nasionale sosialisme of kommunisme.

Dieselfde verskynsel vind ons tans weer in België. Na die bevryding is 'n demokratiese regering ingestel onder Pierlot. Die kommuniste dring egter aan op algehele likwidering van alle sterk nasionaalgesinde persone — iets wat die nasionaal-gesinde demokratiese regering nie wil toestaan nie. **Die enigste oplossing wat daar toe gevind kon word, was om die demokrasie op te hef en 'n kunsmatige gesagstaat in die lewe te roep. Die Pierlot-regering is met volmag beklee.**

Dit sal egter nie die oplossing bring nie. Die gesagstaat kan nie van bo ingestel word, soos ook deur die Empire-regering in Suid-Afrika gedoen word nie, maar dit moet groei van onder uit die volk deur middel van 'n volksbeweging. Alleen dan is dit 'n ware volksregering.

JODE EN GEWELD

Die Jode, wat in Suid-Afrika tydig en ontydig deur manne soos Colin Steyn en Hofmeyr voorgehou word as voorbeeldig, is in die afgelope jaar stelselmatig besig om 'n skrikbewind in Palestina te voer. Hulle het 'n geheime beweging wat geweld pleeg en 'n paar weke gelede groot opskudding veroorsaak het toe hulle 'n Britse Lord in Egipte vermoor het. Dit het taamlike skerp kritiek van Britse kant uitgelok, en heelwat krokodiltrane van Joodse kant. Churchill het hierop reguit gesê dat hy dade van die Jode verlang en nie net woorde nie.

In Palestina het dit egter gelei tot 'n krisis in die Joodse organisasie bekend as die „Jewish Agency", toe deur die bestuur voorgestel is om geweldpleging teen te gaan. Een van die lede van die bestuur, I. Gruenbaum, het bedank nadat hulle 'n maand lank oor die voorstel gestry het. Hy het nog 'n rabbi as ondersteuner in die bestuur gehad, terwyl 'n derde lid buite stemming gebly het.

In Suid-Afrika het die Joodse pers die mond vol oor die optrede van Afrikanerseuns wat deur Britse oorheersing tot opstand getart word, en word die Ossewabrandwag deur hulle selfs uitgemaak vir „Afrikaner-amalaitas" — kaffermisdadigerbendes.

AAN ONS ADVERTEERDERS:— Die direksie en bestuur van Voorslag (Edms.) Beperk, uitgewers van DIE O.B., wens alle adverteerders en intekenare hartlik te bedank vir hul gewaardeerde ondersteuning gedurende die pas afgelope jaar. 'n Geseënde Kersfees vir u almal. En mag ons ook in die nuwe jaar help bydra tot die sukses en voorspoed van u onderneming!

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE. (Edms.) Beperk

MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD

Kommando -SIGARETTE

ROND OF OVAAL

WAARDE VIR GELD

BH 2288

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG. KOOP NOU!

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad.

WERDA MEUBELHANDELAARS (EIENDOMS) BEPERK

GROOTE KERKGEBOU

Posbus 210 KAAPSTAD Foon 2-6806

* * *

Al ons klante wil ons van harte bedank vir hul ondersteuning in die afgelope jaar. Ons wens u almal 'n baie geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar toe

BELANGRIKE AANKONDIGING

*

Die Direksie van Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., het besluit om op 1 Februarie 1945 'n Boekhandel te Stellenbosch te open, waar u al u boeke en kunsware sal kan koop. U sal Afrikaanse sowel as Engelse leesstof kry. Let op verdere aankondigings.

*

Die Direksie en Bestuur van Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., wens al hulle vriende en talle ondersteuners 'n baie geseënde Kersfees en voorspoed in die Nuwe Jaar.

*

PRO ECCLESIA-DRUKKERY

(EDMS. BPK)

Bus 28 — Stellenbosch — Foon 154

Geklassifiseerde Advertensies

GEBOORTE

SWANEPOEL. — Aan al ons O.B.-vriende laat ons weet dat ons op die 11de deser 'n pragtige dogtertjie ontvang het. Moeder en kindjie wel. Dank aan dokter en suster. **Daspoort, Dewetsdorp.**

DANKBETUIGING

Mnr. en Mevr. B. B. v. Jaarsveld wens langs hierdie weg, die O.B. Noodhulpfonds en alle O.B.-vriende hartlik te bedank vir die hoogsgewaardeerde hulp en bystand tydens die lang tydperk waarin ons vervolging van die Regering moes verduur.

Spesiaal wil ons die Komdt.-gen., Dr. J. F. J. v. Rensburg bedank vir al sy inspirerende woorde,asook Genls. Labuschagne, Dirk v. Rooy, A. v. d. Walt, H/Komdt Dirkie du Toit, en Mnr. en Veldte. B. C. Sshutte vir al hul liefde en opoffering.

Ons wens alle O.B.-lede 'n gesëënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar toe. — Lank lewe die O.B.-gees.

Hiermee wens ek my hartlike dank en waardering uit te spreek teenoor die personeel van die Groote Schuur Hospitaal vir hulle uiters vriendelike behandeling tydens my siekte en veral vir die liefdevolle behandeling van die medikus wat my operasie gedoen het. **Joan Sadie.**

Mnr. en Mev. F. R. Louw, Sulder Paarl, wens hiermee hul hartlike dank te betuig aan belanghebbendes asook die betrokke natuurgeneeskundige gedurende die siekte van hul drie maande oud dogtertjie aan kinderverlamming in Sept. Sy is nou volkome herstel.

PERSOONLIK

ANNETTE-ATELJEE (Edms.) Bpk. Fotografiese werk van enige aard. Uitmuntende diens teen billikste pryse. Steun hierdie Afrikaners: Spoorbondkas-Gebou, De Villiersstraat 15, Johannesburg. Foon 33-3738.

DAMES en Here Haarkapper. Permanente naargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 93, Potchefstroom. Foon 330.

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: H. Basson, Markagentskap, Breestraat 160, Newton.

ONDERSTEUN 'n Afrikanersaak. A. P. Swart vir Kruideniersware, eetware en alle ander benodighede. Carolinestraat 95, Brixton. Foon 35-1879.

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. The Scientific Health Institute, Posbus 1336, Kaapstad.

ONS weet u verkies om u veedusies in die Transvaal in Afrikaner hande te gee.— Tot U Diens — Wesrandse Veedunfslaers (Edms.) Beperk, Posbus 46, Maraisburg. Foon 62-1764 of Posbus 245, Krugersdorp. Foon 66-2799.

Mnr. Niek Pretorius, woonagtig op Rensburgdorp, Heidelburg, Tvl., wat op 22 Des. 1941 interneer was is nou op plaasparole uit Koffiefontein ontslaan en vertoef op die plaas Rietfontein, Dist. Lichtenburg, by Mnr. J. D. Steinman.

KERSWENSE.



Aan alle O.B.-offisiere, brandwagte en ons kamerade in die kampe en tronke en hulle families, wens ek 'n vreugdevolle Kersfees en 'n Nuwejaar van moed, volharding en seën toe. **Genle. Mev. Dr. J. S. du Toit.**

Dr. en Mev. Herman Steyn, wens al hulle O.B.-vriende 'n gelukkige Kersfees en voorspoedige Nuwejaar toe. My God, My Volk, My Land S.-A.

Richter. — Gelukkige Kersfees Jan. Alles wat mooi is vir die Nuwejaar. Tuis alles wel. Groete van Ouers en Adrie.

Leon Metelerkamp. — Hartlik geluk met Kersfees en Nuwejaar. Mag die volgende saam met ons wees. Jou verlangende **ouers, broers en susters.**

Leon Metelerkamp: Mag Kersfees vir jou gesëënd wees en die Nuwejaar alleen geluk en voorspoed vir jou bring. Die jaar is verby — ou Boetie — dit kan nie meer 'n honderd jaar wees nie. **Jou verlangende Sussie, Freda.**

Ek wens alle brandwagte en offisiere — binne en buite tronke en kampe — 'n gesëënde Nuwejaar. **Hou Moed** — wees versekerd ons is op die regte koers en loop heel voor. **H. D. Metelerkamp.**

Ons beste wense aan al ons vriende vir 'n gelukkige Kersfees n voorspoedige Nuwejaar. **Genl. en Komdte J. J. Swanepoel, Daspoort, Dewetsdorp.**

VERJAARDAGKETTING

21 Des: H. M. Joubert, Mamagalieskraal.

22 Des: Magdalena J. Louwrens, Vryheid; Wilhelmina C. van Niekerk, Clocolan; Kitty Henn, Wolseley; Jacobus J. de Goede, Observatory; Johanna de Jager, Rustenburg; Emma Venter, Derby; A. E. Kruger, Mamagalieskraal; Bernardus F. Steenkamp, Potgietersrus.

23 Des: Magrieta Boshoff, George; Retha v. d. Walt, Kaapstad; Johanna P. Erasmus, Merweville; Gert Kruger, Wilgenhoutsdrif; Francina Toerien, Daljosophat; Lulu Brand, Goodwood; C. Kruger, Bellville; Anna Burger, Montagu; Sagrys v. Staden, Amalia; Trienie Riekert, Rustenburg; Willem R. Achterbergh, Ohrigstad; F. D. Snyman, Mamagalieskraal.

24 Des: Willem J. v. d. Bergh, Fouriesburg; Maria C. E. de Wet, Aughrabies; Susanna Yonck, Groot Brakrivier; James Mangles, Port Elizabeth; Anna Smith, Middelburg, Tvl.

25 Des: Magrietha Blumenthal, George; Annemarie Andrag, Stellenbosch; Ilse Andrag, Stellenbosch; Jan Pickard, Paarl; Samuel J. Kamffer, Bellville; Hendrik v. Achterbergh, Ohrigstad.

26 Des: Anna M. Marais, Kirkwood; Sanette Hugo, Franschhoek; Marius F. v. d. Walt, Sidwell; Dalena Scheun, Rietbron; Adriaan S. Rademeyer, Essenbosch.

27 Des: Louisa C. Nel, Aughrabies; Hettie H. Hugo, Tierviei; Sarepta C. Vivier, Beaufort-Wes; Annette Jooste, Stellenbosch; Johannes F. Venter, Groot Marico; Anna Briers, Paarl; Abraham C. Schmidt, Port Elizabeth; Hester M. Verster, Baltimore; Catharina M. van Tonder, Vaalkop.

BETREKKINGS VAKANT

BENODIG: Mans klerke vir kruideniersware afdeling. Alleen applikante met jare lange ondervinding kan appliseer. Meld salaris verlang tesame met getuigskrifte van vorige werknemers.

BENODIG: Dames vir kantoorwerk en kassasieriswerk. Applikante moet deeglike kennis hê van boekhou. Sekuurheid met syfers en die hanteer van kontant 'n spesiale aanbeveling. Meld salaris verlang tesame met getuigskrifte van vorige werknemers. Doen aansoek: Die Sekretaris, Gordonia Winkels, P.K. Bus 42, Upington.

TE KOOP

ANGELIERPLANTE, tentoonstelling-soorte; Pionier en Regina, £1-5-0 per 100, £8-10-0 per 1,000, vry gelewer. Vyf verskillende soorte, 7/6 per dosyn posvry. Soet Mangoes 2 kassies vir 10/6 spoorvrag betaald. 10% van winste vir Noodhulpfonds. **J. H. Roodt, Louis Trichardt.**

BESOEK of skryf aan ons vir huis- of kantoormeubels. (Meld wat u nodig het). Gratis verpakking en spoorvrag. **Springbok-Meubels, Victoriaweg 171, Woodstock.**

D.K.W. motorfiets, 3½ perdekrag, goeie werkende orde, ligte en toeter elektries, twee uitlaatpype, battery nuut herbou. Prys £50. Besonderhede by **Haarhof, Uitkomst, Graaff-Reinet.**

KAROOMIS. — Gemaal met hamermeul. Los in trokke, 10 ton teen 29/- per ton; 50 ton en meer 26/6 per ton. In koper se sakke 28/- per ton — 50 ton en meer 25/6 per ton. In ons eie sakke 11/- per ton meer. **K.M.B. V.O.S. G. J. C. v. d. Vyver en Kie, Nelskraal, Sheldon, K.P.**

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

MOOI gesonde King of Early, Up-to-date en Arran Chief Aartappelmoere, 33/6 per sak; tafel Aartappels, 30/-, Petrusburg-Stasie. Kontant met bestelling. **D. J. de Kock, Uitkyk, Petrusburg.**

O! BEETSAAD — Dit is Eclipse Beetsaad, Detroit tiepe en Egiptiese platbeet saad, 12/- per pond. Chantenay wortelsaad, 12/- per pond.

BESTE Australiese Bruin-uie-saad, 7/- per pond. Koel en Bronskomkommer saad, 17/- per pond. Alle saad gesertifiseer. Posvry en K.M.B. — **J. J. SPIES, Premier Saadkweker, Rus-en-Vrede, P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn.**

RIVIERSAND, plyster- en messelsand, tuingrond, klippe, Karoomis ens., **J. J. Sevenster, Greenstraat 249, Mayville, Pretoria. Foon 5-2350.**

SOUT SOUT SOUT
KOOP U SOUT BENODIGHEDE VAN ONS ONMIDDELLIKE AFLEWERING!
No. 1.: Gemaal 8/6 per 200 pd sak; Grof 6/6. **No. 2:** Gemaal 8/-; Grof 6/-. **No. 3:** Gemaal 7/6; Grof 5/6. V.O.S. Redlands Sylyn. Kontant met bestelling aan **Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska, K.P.**

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloertëels, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.**

WYNE

5 GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; Anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. **J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.**

Uitgegee deur Voorsiag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

SERS.-MAJ. ISACOWITZ KLAP DOPPIE AF

Beloofde Onthulling Bly Uit

As mens gereeld die Springbok-Legioen se blaadjie **Fighting Talk** lees, dan verwonder mens hom oor die aanhoudende en verspotte aanvalle uit hierdie oord op die Ossewabrandwag.

Ons lesers sal onthou dat die leier van die Springbok-Legioen sersant-majoor Isacowitz is. Waar Isac. hom deesdae ophou, weet ons nie. Of hy in Italië veg, dan wel op die tuisfront, kan ons ons lesers nie meedeel nie.

Eers het **Fighting Talk** se aanvalle teen die Ossewabrandwag gegaan omdat ons K.G. gesê het dat die Ossewabrandwag ten opsigte van die soldate nie die uniform aan die man se lyf of die rooi lus op sy skouer sien nie, maar wel 'n oog het vir die bloed wat in sy are vloei; en dat die O.B. en die soldate nog eendag saam sal marsjeer.

Hierdie soort taal het sersant-majoor Isacowitz se **Fighting Talk** baie boos gemaak. Verontwaardig het die blaadjie gevra: maar hoe kan Hans van Rensburg tog verwag dat die soldate die O.B. sal steun in sy anti-Imperialistiese stryd vir volksvryheid en in sy anti-kapitalistiese stryd vir bestaansveiligheid? Die soldate veg tog immers vir die Empire en in die Jode se heilige oorlog teen die nasionale sosialisme! En pleitend het die blaadjie die soldate gesoebat om tog niks met Hansie van Rensburg en die O.B. te doen te hê nie. Hoe gevaarlik dr. Van Rensburg vir die soldate sou wees, het die blaadjie selfs met spotprente probeer beduie.

Hierop het Die O.B. vir **Fighting Talk** herinner aan die ou spreekwoord wat lui dat bloed dikker as water is, en homself bereid verklaar om te wag en te sien of die teruggekeerde soldate hulle agter die agitasie van sers.-maj. Isacowitz sal inwerp, dan of hulle hul sal gaan tuismaak in die geledere van die Ossewabrandwag.

Oënskynlik is **Fighting Talk** nie bereid om te wag en te sien nie. Die blaadjie het dadelik met 'n nuwe bitsige soort propaganda begin. Bloedstollende verhale oor ondermyning en ondergrawing van die tuisfront deur die „vreeslike" Ossewabrandwag, en die kamtige besorgdheid van soldatekant hieroor, sou voortaan die propaganda wees om die soldate op te sweep teen die O.B. Hierdie propaganda sou uiteindelik sy hoogtepunt bereik in 'n spesiale uitgawe van **Fighting Talk,** wat uitsluitlik gewy sou word aan Vyfde-kolonnisme in Suid-Afrika!

En toe, instede van hierdie ekstra spesiale uitgawe het 'n gewone uitgawe verskyn, met 'n verskoning daarin dat die drukkers nie die onthullende openbaringe wil druk nie, omdat hulle nie met die lasterwette van die land in botsing wil kom nie!

Dit lyk asof die Springbok-Legioen 'n sondebok gesoek het en toe gefaal het om die Ossewabrandwag vir dié doel te gebruik.

Die O.B. is weer bereid om te wag en te sien wie die sondebok sal wees op wie die ontnugterde en misleide massas na hierdie oorlog sal toesak — die O.B. en die syne of sersant-majoor Isacowitz en die syne.

'n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwejaar

word al ons Vriende
en Klante toegewens
deur
INTERNASIONALE KOPERS
(Edms.) Bpk.
Security-gebou, KAAPSTAD
Maritime-gebou, JOHANNESBURG

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.
Bus 10, .. **HUGENOOT, K.P.**

BOLAND BOTTELSTOOR
HOOFSTRAAT 73
PAARL
Foon 984.

ONDERSTEUN ! ! ! !
Poskantoor Haarkappers
Kerkstraat 173 - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

ONS STAAN
IN DIENS VAN
DIE BOEREVOLK
VIR ALLES

SONOP

DIE WINKEL
MET 'N IDEAAL

„Van Uitstel
Kom Afstel"

Is u al 'n Lid van Asokor Suid-Afrika, waarom stel u uit? Belê in ASOKOR en dien u Vaderland — dis winsgewend.

Vra besonderhede van:
ASOKOR BEPERK,
Posbus 402,
BLOEMFONTEIN.

£1000 VIR U OË

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

DUWAS

Die Antiseptiese en Helende Oogwas.

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflamasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

DIE VOORTREKKER-APTEEK

KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD (Bus 2760)
MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN (Bus 765)

* * *

'n Baie geseënde Kersfees en baie voorspoed in die Nuwejaar word al ons vriende en klante toegewens.